# Wis God Se GENADE Die WET uit?

JOE CREWS

Kopiereg © 2004 deur
Lu Ann Crews

Alle regte voorbehou.

Voorbladontwerp:  Haley Trimmer

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# WIS GOD SE GENADE die WET uit?

JOE CRAWS


1. Die Gesag van God se Wet ……………………………………
2. Ter Dood Veroordeel ……………………………………………
3. Die Wet Is Nog Steeds Bindend ………………………………..
4. God se Wet – ‘n Spieël …………………………………………
5. Die “Nuwe” Wet van Christus …………………………………
6. Nie Onder Die Wet Nie …………………………………………
7. Gehoorsaamheid – Die Toets van Liefde ……………………
8. Is Dit Moontlik Om Die Wet Te Gehoorsaam? ……………
9. Beoordeel volgens die Wet ……………………………………
10. Vrygekoop Waarvoor? …………………………………………

# HOOFSTUK EEN
# **DIE GESAG VAN GOD SE WET**

Die duiwel het, deur sonde, byna hierdie wêreld van ons verwoes. Ons leef in ‘n eeu gekenmerk deur rebellie teen alle beperkings en wette. Nasies is magteloos teenoor die bendes van die groot stede se uitdaging van sosiale orde en eiendomsreg, insluitende die reg om te lewe. Moord, roof en persoonlike aanvalle het die kenmerk geword van beide die stedelike en voorstedelike lewe.

Elke dag wanneer ons die koerante lees, lyk dit asof die kwaliteit van lewe ‘n bietjie verder verlaag. Met tye word ons in die versoeking gestel om te glo dat dinge nie erger kan word nie, en dat toestande ‘n laagtepunt bereik het. Egter net die volgende dag, word selfs meer gewelddadige, grusame misdade aangemeld, en ons skud eenvoudig net ons hoofde in ongeloof. Dit is moeilik om te verstaan hoe ‘n nasie soos die V.S.A. met sy ruim Christelike erfenis ooit sover van sy stigtingsbeginsels kon afdwaal. Self nie eens die nie-Christen lande is met soveel misdaad en alledaagse geweld geteister soos hierdie sogenaamde Christen nasie nie. Daar word meer misdaad gedurende 24 uur in Washington, D.C., aangemeld as wat Moskou in ‘n volle jaar aanmeld. Alhoewel die aanmeldmetodes verskil, skep dit nog steeds ‘n onrusbarende prentjie.

Die probleem word ernstiger wanneer ons besef dat wetteloosheid ook binne die godsdienstige terrein reik en miljoene beïnvloed wat nooit daaraan sal dink om iemand dood te maak of te verkrag nie. Dit is waarskynlik dat die grootste meerderheid kerklede in Amerika vandag min gewetensbesware daarteen het om ten minste een van die Tien Gebooie te oortree. ‘n Baie verraderlike leerstelling is in beide Katolieke en Protestantse teologie ontwikkel, wat neig om die gesag van God se groot

morele wet te verminder.  Dit lei daartoe dat baie ligtelik reageer op oortreding en laat sonde onaanstootlik lyk.  Inderdaad het sonde sy aakligheid vir die menigtes verloor en het ‘n aanvaarbare manier van lewe geword vir beide jeug en volwassenes.  Kyk na die die huidige tendens in lewenstyl wat hierdie siening onderskraag.

Hoeveel jongmanne en vroue woon saam sonder die voordeel van die huwelik!  Nogtans glo hulle nie dat so ‘n saamwoonreëling as ‘n sonde geklassifiseer moet word nie.  Baie winkeldiewe is belydende Christene en baie van diegene wat aan kerke behoort, glo dat dit nie sonde is om die onderhouding van die sewende dag Sabbat van die vierde gebod te oortree nie.

Hoe kan ons hierdie paradoksale situasie verduidelik onder diegene wat so ‘n hoë agting vir die Bybel en groot liefde vir Christus bely?  Die vraag word meer betekenisvol wanneer ons die geskiedkundige posisie van Christelikheid teenoor die Tien-Gebooie wet oorweeg.  Byna al die groot denominasies het amptelik bevestig dat hulle die gesag van daardie wet ondersteun.  Nogtans het baie subtiele interpretasiefoute in die moderne kerk ingesluip, wat gelei het tot die huidige toestand van verwarde lojaliteit teenoor die Tien Gebooie.  Hoe ernstig moet ons nie na daardie wet kyk en die verwantskap daarvan tot God se genade bestudeer  asook met betrekking tot verlossing self.  Dit is so maklik om die populêre afgesaagde uitdrukkings te aanvaar rakende die wet en genade sonder om die bybelse feite waardeur ons uiteindelik geoordeel sal word te ondersoek.  Ons moet gesaghebbende skriftuurlike antwoorde vind op vrae soos hierdie:  In watter sin is Christene vry van die wet?  Wat beteken dit om onder die wet te wees?  Maak God se genade die Tien Gebooie ongeldig?  Is ‘n Christen geregverdig om enige van die Tien Gebooie te verbreek omdat hy onder genade is?  Hierdie is die vrae wat ons in hierdie belangrike studie sal aanspreek.

## HOOFSTUK TWEE
## **TER DOOD VEROORDEEL**

Laat ons die verwarring opsy stoot wat die waarheid oor hoe die mens gered word, verdoesel. Menigtes het na emosionele redevoerings oor sonde en verlossing geluister, maar hulle verstaan nog steeds nie die logika en rede vir ‘n bloedoffer nie.

Kan u uself die ontsettende angs voorstel om voor ‘n regter te staan en die doodsvonnis aan te hoor wat teen u uitgespreek word? Waarskynlik nie. U het egter die skuldgevoel en vrees besef wanneer God se Woord u met hierdie sin ruk: “Die loon van die sonde is die dood” (Romeine 6:23). Waarom die vrees en skuldgevoel? Omdat “almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God.” (Romeine 3:23).

Die woorde is daar en die betekenis kan nie verkeerd verstaan word nie. Die woord “almal” kan net sowel John Smith of Mary Jones spel of wat ookal u naam mag wees. Die skokkende werklikheid is dat u tot die dood veroordeel is! U is volgens die wet skuldig bevind, en daar is geen appélhof in die wêreld wat die oordeel kan terugtrek en u onskuldig bevind nie. Die feit is u is skuldig, net so skuldig soos sonde. Volgens 1 Johannes 3:4 is, “sonde … wetteloosheid,” en u moet skuldig pleit dat u die wet verbreek het. Wie se wet het u verbreek? Paulus beantwoord vinnig, “Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.” (Romeine 7:7). Daar het u dit! Die groot Tien-Gebooie wet is die een wat verbreek is, en dit vereis die dood van die oortreder.

In desperaatheid soek die sondaar na ‘n manier om geregverdig te word in die lig van daardie verbreekte wet. Hoe kan die oordeel van die dood ter syde gestel word? Kan die

mens boete doen vir sy sondes deur die gebooie van God vir die res van sy lewe te gehoorsaam? Dan word die antwoord weer duidelik uitgespreek: "aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie" (Romeine 3:20).

Luister; daar is 'n rede waarom werke nie 'n siel sal regverdig nie. Indien 'n man skuldig bevind word daaraan dat hy gesteel het en tot tien jaar gevangenisstraf gevonnis word, kan hy homself inderdaad deur werke regverdig. Deur sy vonnis uit te dien, kan die man voldoen aan die vereistes van die wet. Hy word as heeltemal geregverdig en onskuldig gesien omdat hy bevry is deur die vervulling van die vonnis. Op dieselfde manier kan 'n moordenaar deur werke geregverdig word indien hy die vyftig jaar van sy vonnis uitdien. Veronderstel dat die vonnis die doodstraf is in plaas van vyftig jaar? Kan die gevangene homself dan deur werke regverdig? Nooit! Selfs al sou hy vir eenhonderd jaar harde arbeid verrig, vereis die wet nog steeds die dood. Die waarheid is dat "sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie … so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem" (Hebreërs 9:22-28).

Dit is waarom werke die sondaar nooit kan red nie. Die straf vir sonde is nie tien jaar in die gevangenis of vyftig jaar harde arbeid nie. Die vonnis is die dood, en die wet kan nie volbring word nie, behalwe dat daar bloed gestort word. Daardie onveranderlike wet met sy onverbiddelike doodsvonnis kan net so min verwyder word as wat God se troon omver gewerp kan word. Die skuld van die verlede kan nie uitgewis word deur besluite van goeie gedrag in die toekoms nie. Die sondaar word uiteindelik gedwing om te bely dat hy iets skuld wat hy nie kan betaal nie. Die wet vereis die dood en hy kan nie daaraan voldoen sonder om sy eie lewe vir ewig prys te gee nie.

## HOOFSTUK DRIE

## DIE WET IS NOG STEEDS BINDEND

Nou kom ons voor die vraag te staan wat soveel verwarring vir baie Christene veroorsaak: Indien die werke van die wet nie ‘n persoon kan red nie, is dit daarom nodig om die wet te onderhou? Dit wil voorkom asof hierdie ‘n brandende kwessie in die vroeë kerk was, omdat Paulus dieselfde vraag in Romeine 6:1 gevra het. “Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?” Met ander woorde, gee genade ons die reg om ongehoorsaam te wees aan die wet van God? Sy antwoord is: “Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?” (vers 2).

Hoe interessant is dit dat Christene in hierdie eeu van relativisme hulle eie definisie kan uitdink wat die verbreking van die wet verskoon. Die Bybel sê dat sonde die oortreding van die Tien Gebooie is – die wet wat deur baie moderne teoloë as onvanpas en outyds beskryf is. Moenie mislei word nie. Elkeen van daardie groot morele voorskrifte is net so tydig en nodig vandag as wat hulle was toe God dit op die onverganklike kliptafels geskryf het. En niks het ooit gebeur om hulle minder bindend te maak as wat hulle was toe God hulle gegee het nie. Ons gaan inderdaad ontdek hoe Jesus gekom het om die wet te beklemtoon en om sy geestelike toepassing te verduidelik om dit meer omvangryk te maak as wat die wettiese Fariseërs ooit kon droom. Onder die suiwerende invloed van Christus se volmaakte lewe van gehoorsaamheid, kan ons die geestelike besonderhede sien van wetsonderhouding wat nie sonder Hom erken of moontlik gemaak kan word nie.

## HOOFSTUK VIER

# GOD SE WET – 'N SPIEËL

Op hierdie tydstip moet ons baie versigtig wees om ook aan te dui wat die wet nie kan doen nie. Alhoewel dit sonde uitwys, het dit geen krag om van sonde te red nie. Daar is geen regverdigmakende, reinigende genade daarin nie. Al die werke van al die wette sou nie voldoende gewees het om een enkele siel te red nie. Waarom? Vir die eenvoudige rede dat ons deur genade gered word, as 'n gratis geskenk. "Aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde." (Romeine 3:20).

Moenie struikel oor hierdie kritieke punt nie. Ons kan nie vergifnis verdien deur hard te probeer om gehoorsaam te wees nie. Geen sondaar kan guns en aanvaarding by God vind omdat hy die wet onderhou nie. Die wet was nie gemaak met die doel om te red of te regverdig nie. Dit was gemaak om ons ons behoefte aan reiniging te toon en om ons na die groot bron van suiwering, Jesus Christus, ons Here, te wys. Die Bybel praat van die wet as 'n spieël om ons te wys watter soort persoon ons regtig is. "Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen." (Jakobus 1:23-25).

Dit is duidelik vir almal dat 'n spieël nie 'n merk aan die gesig kan verwyder nie. Om die hele dag in 'n spieël te kyk en selfs oor die gesig te vryf, sal nie enige reiniging voorsien nie. Die werk van 'n spieël is om die merk uit te wys en om die vuil persoon na die wasbak te stuur vir werklike reiniging. Op dieselfde manier kan die wet slegs die sondaar teregwys deur vir hom die kennis te

gee van sy toestand en hom dan na die kruis te verwys vir ware reiniging. "Want uit die genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie." (Efesiërs 2:8,9). Paulus beklemtoon hierdie punt verder in Galasiërs 2:16: "Terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus … omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie."

Op hierdie tydstip moet ons een van die mees misleidende stellings oorweeg wat nog ooit met betrekking tot die wet gemaak is. Talle opregte Christene het die idee aanvaar dat die Ou Testament die bedeling van werke insluit en dat die Nuwe Testament voorsiening maak vir 'n bedeling van genade. Onder hierdie verdraaide plan was mense in die Ou Testament deur werke gered en in die Nuwe Testament deur genade. Dit is geensins waar nie. Die Bybel steun een pragtige, volmaakte plan vir enigeen om gered te word, en dit is deur genade deur geloof. Die hemel sal nie in twee verdeel word tussen diegene wat daar gekom het deur werke en die wat daar gekom het deur geloof nie. Elke siel onder die verlostes sal 'n sondaar wees wat deur genade gered is.

Die wat in die Ou Testament verlos is, was diegene wat vertrou het op die meriete van Jesus Christus se bloed, en hulle het hulle geloof gedemonstreer deur 'n lammetjie te bring en dit te offer. Hulle het in geloof vooruit gekyk na die versoenende dood van Jesus. Ons kyk in geloof terug na dieselfde dood en word op presies dieselfde manier verlos. Wees verseker daarvan dat die hele verloste skare dwarsdeur die ewigheid dieselfde lied van verlossing sal sing, om die Lam te verhef wat van die grondlegging van die aarde geoffer was.

## HOOFSTUK VYF

## DIE “NUWE” WET VAN CHRISTUS

Sommige probeer om met die Tien Gebooie weg te doen op die grondslag van die “nuwe” gebooie van liefde wat Christus ingestel het. Dit is gewis waar dat Jesus twee groot wette van liefde neergelê het as ‘n opsomming van die hele wet, maar het Hy die idee geskep dat hierdie op ‘n gegewe tydstip nuut was? Die feit is dat Hy direk uit die Ou Testament aangehaal het toe Hy daardie nuwe gebooie gegee het. “Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.” (Deuteronomium 6:5). “Maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” (Levitikus 19:18). Ongetwyfeld was daardie deurdringende geestelike beginsels deur die werkheiliges van Christus se tyd vergeet, en vir hulle was dit nuut met betrekking tot hulle lewens en gewoontes. Jesus het egter nie bedoel dat hulle die plek van die Tien Gebooie moes inneem nie.

Toe die wetgeleerde vir Jesus gevra het watter die grootste gebod in die wet was, het hy die volgende antwoord ontvang: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.” (Mattheus 22:37-40).

Let daarop dat hierdie twee liefdesgebooie eenvoudig “die hele wet en die profete” opgesom het. Hulle hang almal aan hierdie twee beginsels van liefde. Christus het gesê dat die liefde die vervulling van die wet is net soos wat Paulus later in Romeine 13:10 herhaal het. Indien iemand Christus bo alles lief het met sy hele hart, siel en verstand, dan sal hy die eerste vier gebooie gehoorsaam wat te doen het met ons plig teenoor God. Hy sal God se naam nie ydellik gebruik nie, ander gode aanbid nie, ens. Indien iemand sy naaste liefhet soos wat hy homself liefhet, sal hy

die laaste ses gebooie gehoorsaam wat betrekking het op ons plig teenoor ons naaste. Hy sal nie van sy naaste kan steel nie, of oor hom lieg nie, ens. Liefde sal lei tot die gehoorsaming of vervulling van die hele wet.

## HOOFSTUK SES
## **NIE ONDER DIE WET NIE**

Dikwels hoor ons hierdie argument in ‘n poging om die wet van God te verkleineer: “Wel, aangesien ons nie onder die wet is nie, maar onder genade, hoef ons nie langer die Tien Gebooie te onderhou nie.” Is hierdie ‘n geldige rede? Die Bybel sê gewis dat ons nie onder die wet is nie, maar impliseer dit dat ons vry is van enige verpligting om dit te gehoorsaam? Die teks word in Romeine 6:14,15 gevind. “Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!”

Hoe maklik kan ons verwarring voorkom indien ons presies aanvaar wat die Bybel sê. Paulus verduidelik self sy stelling. Nadat hy genoem het dat ons nie onder die wet is nie maar onder genade, vra hy, “Wat dan?” Dit beteken eenvoudig, “Hoe moet ons dit verstaan?” Let dan op sy antwoord. Met die verwagting dat sommige sy woorde sal ontleed om te beteken dat ‘n persoon die wet kan verbreek omdat hy onder genade is, sê hy, “Sal ons sonde doen (die wet verbreek), omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie!” In die sterkste moontlike taal stel Paulus dit dat om onder die genade te wees ons nie die reg gee om die wet te verbreek nie. Dit is egter presies wat miljoene vandag glo en hulle ignoreer Paulus se spesifieke waarskuwing geheel en al.

Indien om onder die genade te wees ons nie daarvan vrystel

om die wet te onderhou nie, wat bedoel Paulus dan wanneer hy sê dat Christene nie onder die wet is nie? Hy gee daardie antwoord in Romeine 3:19. “Nou weet ons dat alles wat die wet sê, hy dit sê vir die wat onder die wet is, sodat elke mond gestop en die hele wêreld voor God doemwaardig kan wees.” Hier stel Paulus om onder die wet te wees, gelyk met “om skuldig voor God te wees.” Met ander woorde, diegene wat onder die wet is, is skuldig aan die verbreking daarvan en is onder die veroordeling daarvan. Dit is waarom Christene nie onder die wet is nie. Hulle verbreek dit nie – nie skuldig en daardeur veroordeel nie. Daarom is hulle nie onder die wet nie, maar in plaas daarvan onder die krag van genade. Later in sy argument wys Paulus daarop dat die krag van genade groter is as die krag van sonde. Dit is waarom hy nadruklik verklaar, “Want die sonde sal oor julle nie heers nie, want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade.” Genade oorheers die gesag van sonde en gee krag om God se wet te gehoorsaam. Dit is die werklike rede dat ons nie onder die wet se skuld en veroordeling is nie en ook waarom Paulus sê dat ons nie sal aanhou om te sondig nie.

Veronderstel dat ‘n moordenaar tot die dood gevonnis is vir teregstelling deur die elektriese stoel. In afwagting van die teregstelling sal die man ten volle onder die wet wees in elke sin van die woord – onder die skuld, onder die veroordeling, onder die straf van die dood, ens. Net voor die teregstellingsdatum hersien die goewerneur die veroordeelde man se saak en besluit om hom vry te stel. In die lig van versagtende omstandighede oefen die goewerneur sy reg uit en gee die gevangene algehele vrystelling. Nou is hy nie langer onder die wet nie, maar onder genade. Die wet veroordeel hom nie meer nie. Hy word gesien as geheel en al geregverdig sover as wat dit die aanklagte van die wet aangaan. Hy is vry om uit die gevangenis te stap en geen polisieman kan die hand op hom lê nie. Noudat hy egter onder

genade is en nie langer onder die wet nie, kan ons sê dat hy nou vry is om die wet te verbreek? Inderdaad nie! Ongetwyfeld sal daardie vrygespreekte man dubbel verplig wees om die wet te gehoorsaam *omdat hy genade* van die goewerneur *ontvang het.* In dankbaarheid en liefde sal hy baie versigtig wees om die wet te gehoorsaam van daardie land wat aan hom genade bewys het. Is dit wat die Bybel van vrygespreekte sondaars sê? "Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet." (Romeine 3:31). Hier is die duidelikste antwoord op die hele probleem. Paulus vra of die wet tot niet gemaak word net omdat ons geloof in Christus se verlossende genade gehad het. Sy antwoord is dat die wet in die lewe van 'n genade-verloste Christen gevestig en versterk word.

Die waarheid hiervan is so eenvoudig en duidelik dat dit geen herhaling nodig het nie, maar die slinkse redenasies van diegene wat probeer om gehoorsaamheid te ontwyk, maak dit nodig om hierdie punt verder te beklemtoon. Was u al ooit voorgekeer deur 'n polisieman omdat u die spoedgrens oortree het? Die ervaring stel u in die verleentheid, veral as u weet dat u skuldig is. Veronderstel egter dat u regtig haastig was as gevolg van 'n noodgeval, en u u oortuigende verduideliking aan die polisieman oordra terwyl hy u kaartjie uitskryf. Stadig vou hy die kaartjie op en skeur dit stukkend. Dan sê hy, "Goed, ek gaan u hierdie keer oorsien, maar …" Wat dink u bedoel hy met die woord, "maar"? Ongetwyfeld bedoel hy, "maar ek wil u nooit weer vang dat u die spoedgrens oortree nie." Open hierdie kwytskelding (genade) vir u die weg om die wet te oortree? Inteendeel, u sal genoodsaak wees om u besluit om nie weer die wet te oortree nie, gestand te doen. Waarom dan, behoort enige ware Christen te probeer om regverdiging te vind om nie die wet van God te gehoorsaam nie? "As julle my liefhet," het Jesus gesê, "onderhou my gebooie." (Johannes 14:15).

HOOFSTUK SEWE

## GEHOORSAAMHEID – DIE TOETS VAN LIEFDE

Iemand kan dalk die beswaar opper dat nadat die wet sy doel vervul het om die sondaar na Christus te wys vir reiniging, dit nie langer in die ondervinding van die gelowige nodig is nie. Is dit waar? Nee, beslis nie. Die Christen sal altyd die wet as ‘n waghond nodig hê om enige afwyking van die ware weg aan te dui en om hom terug te wys na die reinigende kruis van Jesus. Daar sal nooit ‘n tyd wees dat daardie spieël van teregwysing nie meer nodig sal wees in die voortdurende groeiondervinding van die Christen nie.

Wet en genade wedywer nie met mekaar nie, maar is in volmaakte samewerking. Die wet identifiseer sonde, en genade red van sonde. Die wet is die wil van God, en genade is die krag om die wil van God te doen. Ons gehoorsaam nie die wet *ten einde* gered te word nie, maar *omdat* ons gered is. ‘n Pragtige teks wat die twee in hulle ware verhouding verbind, is Openbaring 14:12. “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar.” Wat ‘n perfekte beskrywing van geloof en werke! En die kombinasie word in daardie gevind wat “heiliges” is.

Die werke van gehoorsaamheid is die ware toets van liefde. Dit is waarom hulle so noodsaaklik is in die ondervinding van ‘n ware gelowige. “Die geloof sonder die werke is dood” (Jakobus 2:20). Geen man het nog ooit ‘n dame se hart gewen slegs deur woorde nie. As daar geen blomme was nie, geen dade van toewyding, geen geskenke van liefde nie, sou die meeste mans nog steeds na ‘n maat gesoek het. Jesus het gesê, “Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! Sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die

hemele is" (Mattheus 7:21).

Woorde en belydenis is nie genoeg nie. Die ware bewys is gehoorsaamheid. Vandag se bufferplakkers weerkaats 'n vals konsep van liefde. Hulle sê, "Glimlag as jy Jesus liefhet," "Toet as jy Jesus liefhet"; maar wat het die Meester Self gesê? Hy het gesê, "As julle My liefhet, bewaar my gebooie" (Johannes 14:15). En dit is presies wat die meeste mense nie wil doen nie. Indien die liefde geen verdere eise stel as 'n glimlag of die waai van die hand nie, dan is dit welkom; maar indien die lewenstyl verander moet word, verwerp die meerderheid dit. Ongelukkig soek die meeste mense vandag nie na die waarheid nie. Hulle soek na 'n egalige, maklike, gerieflike godsdiens wat hulle sal toelaat om te leef soos hulle wil met nog steeds die versekering van verlossing. Daar is inderdaad geen ware godsdiens wat dit vir hulle kan doen nie.

Een van die kragtigste tekse in die Bybel oor hierdie onderwerp word in 1 Johannes 2:4 gevind. "Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie." Johannes kon dit met sekerheid skryf, omdat dit een van die ernstigste gevestigde waarhede in die Bybel is. Jesus het gepraat van diegene wat gesê het, "Here, Here," maar nie die wil van die Vader gedoen het nie. Daarna het Hy beskryf hoe baie toegang tot die koninkryk sou wil verkry deur daarop aanspraak te maak dat hulle wonderwerke in die naam van Christus gedoen het. Hy sal egter bedroef vir hulle moet sê, "Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My" (Mattheus 7:21-23). U sien, om Christus te ken, is om Hom lief te hê, en om Hom lief te hê, is om Hom te gehoorsaam. Die sterk opvatting van die Bybelskrywers is volkome duidelik en eenvoudig: Indien iemand Christus nie gehoorsaam nie, het hy Christus nie lief nie. En indien hy die Meester nie liefhet nie, ken hy Hom nie. Johannes het ons verseker, "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die

enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Johannes 17:3). Ons kan dus sien hoe om te ken en lief te hê en te gehoorsaam alles nou saamgebind is en totaal onafskeibaar is in die lewe van God se getroue volk. Die geliefde Johannes het dit in hierdie woorde opgesom: "Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie" (1 Johannes 5:3).

## HOOFSTUK AGT
## **IS DIT MOONTLIK OM DIE WET TE GEHOORSAAM?**

Tallose Christene was geleer dat aangesien die wet geestelik is en ons vleeslik, geen mens ooit in hierdie lewe in staat sal wees om te voldoen aan die vereistes van die volmaakte wet nie. Is dit waar? Is dit deur God gegee as 'n groot idealistiese, onmoontlike doel waarna bekeerde siele moet stry maar nooit moet verwag om dit te bereik nie? Is daar een of ander versteekte voorbehoud of geheime betekenis in die baie bevele om die tien groot reëls wat God op kilptafels geskryf het, te gehoorsaam? Het God bedoel wat Hy gesê het en gesê wat Hy bedoel het?

Baie glo dat slegs Christus daardie wet kon gehoorsaam omdat Hy spesiale krag gehad het wat nie aan ons beskikbaar gestel is nie. Dit is beslis waar dat Jesus die enigste Een is wat geleef het sonder dat 'n enkele ongehoorsame daad gepleeg is. Sy rede vir 'n volmaakte, oorwinnende lewe word in Romeine 8:3,4 uiteengesit: "Want God het – wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees – deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."

Moenie die punt miskyk dat Jesus gekom het om sonde te veroordeel deur Sy volmaakte lewe in die vlees sodat "die regverdigheid van die wet" in ons vervul kon word nie. Wat is daardie regverdigheid? Die Griekse woord *dikaima* word hier gebruik, wat letterlik, "die regverdige vereiste" van die wet beteken. Dit kan slegs beteken dat Christus Sy volmaakte oorwinning behaal het om dieselfde oorwinning vir ons beskikbaar te maak. Deur die duiwel te oorwin en te toon dat in die vlees die wet gehoorsaam kan word, bied Christus nou aan om in ons harte in te kom en die oorwinning met ons te deel. Slegs deur Sy sterkte en inwonende krag kan die vereistes van die wet deur enigeen vervul word. Paulus het gesê, "Ek is tot in alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Filippense 4:13).

Niemand kan ooit een van daardie Tien Gebooie in menslike krag alleen onderhou nie, maar almal kan onderhou word deur die krag van Jesus wat ons in staat stel om dit te doen. Hy reken Sy regverdigheid vir reiniging aan ons toe en verleen Sy regverdigheid vir 'n oorwinnende lewe. Christus het in 'n vleeslike liggaam gekom net soos ons eie en het geheel en al op Sy Vader staat gemaak om Sy lewe te leef om daardie soort oorwinning te demonstreer wat vir elke siel moontlik is wat op dieselfde manier van die Vader se genade gebruik sal maak.

## HOOFSTUK NEGE
## **BEOORDEEL VOLGENS DIE WET**

En nou, 'n finale vraag oor die onderwerp van die wet: Hoeveel van die Tien Gebooie moet 'n mens verbreek ten einde skuldig te wees aan sonde? Jakobus sê, "Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want Hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar

doodslaan, het jy ‘n oortreder van die wet geword.  Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word” (Jakobus 2:10-12).

Elke individu sal uiteindelik deur die magtige morele kode van God se wet geoordeel word.  Om een te verbreek, is om skuldig te wees aan sonde.  Die Bybel dui aan dat die Tien Gebooie soos ‘n ketting met tien skakels is.  Wanneer een skakel gebreek is, is die ketting gebreek.  So is dit met die wet.  Diegene wat in die oordeel staan, sal onderworpe wees aan die vuurproef van die Tien Gebooie.  Indien ‘n praktiserende dief sou probeer om ingang tot die koninkryk te verkry, sal hy verwerp word.  Dit is waarom Paulus sê dat diewe nie die hemelse stad sal beërwe nie.  Die Bybel verklaar verder spesifiek dat leuenaars, egbrekers, afgodedienaars en mense wat begeer nie in die koninkryk sal wees nie.  Waarom nie?  Omdat die Tien Gebooie daardie dinge verbied en die mens uiteindelik deur daardie wet geoordeel sal word.  Nie een persoon sal in die hemel toegelaat word wat opsetlik enige een van die Tien Gebooie oortree nie, omdat om een te verbreek beteken om almal te verbreek.

Iemand mag beswaar maak dat hierdie werke die grondslag maak om in die koninkryk te kom.  Nee.  Dit maak in werklikheid liefde die kwalifiserende faktor.  Jesus het gesê dat die grootste gebod van almal is om God bo alles lief te hê.  Hy het ook gesê, “As julle My liefhet, onderhou my gebooie” (Johannes 14:15).  Diegene wat enige bekende sonde koester, bely inderwaarheid dat hulle God nie met hulle hele hart, siel en verstand liefhet nie.  Dit is dus die gebrek aan liefde wat hulle uitsluit – nie die daad van ongehoorsaamheid wat daardie gebrek blootstel nie.  Slegs wanneer liefde gehoorsaamheid motiveer, word dit vir God aanvaarbaar.  Enige ander werk is die mens se vergeefse poging om verlossing te verdien en om die doeltreffendheid van Christus se versoenende offer te ontken.

HOOFSTUK TIEN

## VRYGEKOOP WAARVOOR?

‘n Dramatiese illustrasie van die wet-genade leerstelling word gesien in die verhaal van die slawehandel in ou New Orleans, V.S.A., lank gelede. Twee landbouers het meegeding vir ‘n ou Neger slaaf wat voortdurend sy teenstand vanaf die veilingslokaal uitgeroep het. Uiteindelik het een van die landbouers die bod gewen en die slaaf op sy wa terug plaas toe geneem. Die hele pad het die swart man uitdagend verklaar dat hy nie vir die nuwe eienaar sou werk nie. Toe hulle by die plantasie opgedaag het, het die landbouer die kettings van die nuutgekoopte slaaf afgehaal en gesê, “Jy is vry om te gaan. Jy is nie langer ‘n slaaf nie. Ek het jou gekoop ten einde jou jou vryheid te gee.”

Volgens die verhaal het die ou man voor die voete van die landbouer neergeval en gesê, “Meneer, ek sal u tot in ewigheid dien.”

Op dieselfde manier word almal van ons in die strikke van sonde, veroordeling en die dood gevange gehou. Christus het toe die prys betaal om ons vryheid van daardie wanhopige slawerny te verseker. Liefdevol sê Hy vir ons dat die rede waarom Hy daardie offer gemaak het, was om ons vry te stel. Wat behoort ons reaksie te wees? Elke vrygekoopte kind van God behoort voor Sy voete neer te val en te sê, “Meester, ek het u lief vir dit wat u vir my gedoen het. Ek sal u vir die res van my lewe dien.”

Dink vir ‘n oomblik hieroor na. Jesus moes sterf omdat die wet oortree is. Sonde het die dood vereis. Indien die wet herroep kon word, sou die straf vir die sonde ook opsy gesit kon word. “Maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie” (Romeine 4:15). So sterk was die gesag van daardie

onveranderlike wet dat God Self dit nie ter syde kon stel nie – selfs nie om Sy eie Seun van die dood te red nie.

Die ou, ou verhaal van die twee broers is byna ‘n volmaakte illustrasie van beide wet en genade in aksie. Die ouer broer was ‘n regter. Sy jonger broer is as ‘n oortreder van die wet voor hom gebring. Uit al die getuienis was dit vir almal duidelik dat hy skuldig was. Die hof was gespanne. Sou die regter in so ‘n geval regverdig wees? Die regter het na sy broer gekyk en hom stroef skuldig verklaar. Toe het hy die hof verstom deur die maksimum boete op te lê. Hy het egter onmiddellik die regbank verlaat en sy arms om sy broer geslaan en gesê, “Ek moes dit doen omdat jy skuldig is. Ek weet jy kan nie die boete betaal nie, maar ek sal dit vir jou betaal.”

Die punt wat die verhaal maak, is dramaties in die impak wat dit het. Die broer was vergewe, maar nie die boete nie. Dit moes betaal word. Deur die maksimum boete te betaal het die regter nie die wet ter syde gestel nie, maar hy het dit beklemtoon. Hy het gedemonstreer dat die bindende reg daarvan nooit ongeldig gemaak kan word nie. Op dieselfde manier sou en kon God nie die wet ter syde stel om Sy geliefde Seun te red nie. Dit het iets gekos om die wet toe te pas en die maksimum boete te betaal. Niemand sal ooit weet hoeveel dit die Seun van God gekos het nie. Hoe dankbaar behoort ons egter te wees dat Sy liefde so volmaak is soos Sy regverdigheid. In Sy eie liggaam het Hy die straf gedra, die vereistes van die wet nagekom, en die oortreder geregverdig.

Kan u nie sien dat geen groter vertoning gemaak kon word om die permanentheid van die Tien Gebooie te bewys nie? In die totale heelal kon God geen oortuigender en meer onweerlegbare argument ten gunste van Sy wet vertoon het nie. Nogtans, ten spyte van hierdie geweldige vertoning, verkleineer miljoene misleide en swak mense die heerskappy van God deur Sy wet af

te kraak. Dit lyk asof hulle nie verstaan dat die wet slegs ‘n weerkaatsing is van Sy heiligheid en geregtigheid nie. Om te praat van die afskaffing daarvan is om te grens aan verraad teen die goddelike heerskappy van die hemel.

Kyk nou na daardie heilige wet vir ‘n goddelike openbaring van wat God wil hê dat u lewe moet wees. Bely dat u geen krag het om volgens daardie volmaakte standaard te lewe nie. Vestig dan u oë op die enigste Een wat daardie wet volmaak onderhou het en wat begeer om op hierdie presiese oomblik in u lewe in te kom met krag om u in staat te stel om dit te doen. Hy sal die regverdigheid van die wet in u vervul – die regverdige vereistes van die wet – sodat u saam met Paulus kan sê, “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het (Galasiërs 2:20).